

DIE BEHOUD VAN KARAKTERDIVERSITEIT BINNE DIE EENHEID VAN DIE GELOFTEVOLK

Referaat gelewer by die Konsilie van die Geloftevolk van Suid-Afrika, 24-26 Maart 2016, te Holfontein Geloftefeesterrein in die Ottosdal distrik.

1. Die primêre bron van diversiteit in die menslike bestaan is geleë in die menslike genoom of erfsisteem. Die ONTWERPER hiervan (en tewens van alles wat bestaan) se skeppingswerk word nog vandag met die mees gesofistikeerde tegnologie ontrafel en vele inligting bly nog steeds 'n verborgenheid. Daar bestaan ook soms met verloop van hierdie navorsingsproses die arrogansie, by soekers na meer kennis, om met toename in kennis die SKEPPER van die ontwerp meer en meer op die agtergrond te skuif of selfs te ontken met die aanhang van die sogenaamde evolusie teorie.

Die menslike genoom word saamgestel deur sowat 25,000 gene wat individueel, of in interaksie, verskillende eienskappe van die mens bepaal. Die genetiese sisteem is ook ontwerp om die omgewing waarin die individu hom/haar sou bevind in ag te neem in die biologiese prosesse wat deur die gene tot uitvoering gerig word.

Die SKEPPER het egter volgehoue diversiteit verseker in SY ontwerp van die biologiese erfsisteem van die mens. Die gevolg hiervan is dat geen twee persone in totaliteit eenders is nie.

2. Die uitsondering hierop is wanneer die bevrugte eiersel net na bevrugting verdeel om twee geneties identiese mense te laat ontwikkel. Tog is ook in hierdie geval gevind dat wanneer verskillende omgewingsfaktore sulke identiese kinders van jongs af sou beïnvloed, sodanige individue ook verskillende karakter eienskappe mag ontwikkel. Daar bestaan dus by die mens geen biologiese gelykheid nie, hetsy binne gesinne, families, volke of rasse.

Tog het die ONTWERPER in die genetiese sisteem voorsiening gemaak dat te midde van die biologiese diversiteit daar deur gene frekwensie verskuiwing (opeenhoping van sekere gene), makro bepalers (dominante gene opeenhoping) en wisselwerking met die omgewing (fisiese sowel as psigiese), 'n groter ooreenkoms is by individue binne 'n gesin as met ander mense, daar groter ooreenkoms is by familieledes as met ander mense, daar groter ooreenkoms is by mense in die uitgebreide familie of volk as met ander mense, dat daar groter ooreenkoms is by mense van dieselfde ras as met mense van ander rasse.

Die wese van individuele variasie, groeps eendersheid en groepsvariasie is dan nie slegs waar te neem in fisiese voorkoms en vermoëns nie, maar ook in psigiese gedragpatrone wat dan ook karaktereienskappe bepaal.

3. Die SKEPPER het dan ook hierdie resultaat van die menslike erfsisteem se ontwerp gebruik om ordening te skep by die volk wat HY vir HOM uitverkies het om SY lof te verkondig voor alle ander volke van die wêreld, nl. dat HY die SKEPPER en ONDERHOUER van alles is wat bestaan en dat die onbenullige volkie juis uitverkies was om SY almag en genade oor die mensdom te toon.

Daarom het hy die eendersheid in die gesinne, die eendersheid in families en die eendersheid in stamme omlin en gebruik in die ontwerp van die bestuursisteem van hierdie model volkie sodat

gesinshoofde, familiehoofde en stamhoofde aan die sisteem van die volksregering uitvoering gegee het in die Teokratiese model waarin die SKEPPER self as KONING regeer.

In die sekulêre wêreld het die inagneming van kulturele en volkere verskille daartoe bygedra tot suksesvolle ryksbestuur. So bv. was die kortstondige ryksbestuur van Alexander die grote suksesvol deur op hierdie basis volkere se selfbestuur te akkomodeer in sy verowerde ryk.

4. Hedendaags is die Switserse model van selfbestuur van die verskillende kultuur- en taalgroepe 'n goeie voorbeeld van vrede en voorspoed waar saam bondeling in een staat heers.

"UNITY IN DIVERSITY" het vandag n gewilde slagspreuk geword binne en tussen state asook politieke en sosiale bewegings. Die konsep word gedefinieer as eenheid sonder eenvormigheid en diversiteit sonder fragmentering. Van die suksesvolle praktiese implimentering hiervan waar begrip en verdraagsaamheid seëvier tussen fisiese-, kulturele-, taal-, godsies- en ideologies verskillende groeperings wat saamgebondel word, is daar in vandag se wêreld bykans geen sprake nie.

Tydens die viering van die 20-jarige bestaan van die RSA , op 31 Mei 1981 , was die tema "EENHEID IN DIVERSITEIT". Tog het die wêreld die praktiese beplannings om hieraan uitvoering te gee, verag as rassisme.

Tog word dieselfde slagspreuk as sentrale beginsel in die 1996 grondwet van SA ingeskryf maar sonder enige verdere poging om volks- en kulturele verskille enigins in landsbestuur in ag te neem.

Die slagspreuk van "Eenheid in diversiteit" is ook in die jaar 2000 deur die Europese Unie aangeneem. Hul sê die betekenis hiervan is: "The motto means that, via the EU, Europeans are united in working together for peace and prosperity, and that the many different cultures, traditions and languages in Europe are a positive asset for the continent."

5. Hierdie beweging, waarvan die grondslag veiligheid en ekonomiese voorspoed is, sukkel om die mas op te kom en het as resultaat dat daar 'n groter poging aangewend om die begrensings te verdof as om die verskeidenheid in stand te hou.

Wanneer ons kyk na die eenheid van of binne die Geloftesvolk moet ons dit sien as 'n vooruitskouing na die totstandkoming van die Volkshuis wat gevestig moet word tot eer van die Grote Naam van YHWH (ons HERE).

Dit sal ons bring tot die parallel met die ou volk van Israel soos deur YHWH (ons HERE) geregeer was in die Rigters periode.

Soos die primêre bedoeling met Israel was nl. "dat YHWH(ons HERE) se Naam verheerlik sal word", sal dit ook die enigste basiese grondslag wees van die vestiging van die Geloftesvolk as die soewereine Huis van Bloedrivier.

As ons dan kyk na die Skepper se ontwerp ten opsigte van die Volkshuishouding van Israel in die Rigtersperiode, kan ons aanvaar dat dit die toegelate maksimum genetiese en psigiese variasie sal wees, en dus ook karakter diversiteit sal wees , wat die minimum natuurlike struikelblokke vir die volk sal meebring om as enkellinge en as gemeenskap, hul te klee met die KARAKTER van hul SKEPPER tot op so 'n maat dat hul HOM sal ervaar en sal dien as hul Enige GOD en VADER.

6. Daar is dan 2 kritiese aspekte wat deur die SKEPPER verbied word omdat dit swakheid in SY ontwerp sal meebring wat dan die doel van die Volksordening en identiteit, nl. om die Naam van YHWH die SKEPPER te verheerlik, sal verongeluk. Die Volk was gewaarsku dat die oortreding van hierdie verbod psigiese en fisiese vernietiging van die individu sowel as die Volkshuishouding sou meebring.

Die eerste aspek wat probleme sou meebring is die oorbeklemtoning van eie karakter by die individu wat ook beperkend kan wees op die psigiese aard van die huisgesin en kan deur suur na die familie of die stam afhangend van die invloedrykheid van so 'n karakter.

Hierdie nadelige mensgerigte karaktereienskap of uitlewing word saamgevat in die term 'eiesinnigheid'. Eiesinnigheid van karakters is die kanker wat intern die samehorigheid en eendragtige wyding aan die SKEPPER teenwerk en kelder.

Daarom word dit deur die SKEPPER getipeer as mensgerigte afgodediens. Daarom is hoogmoed van die individu en hovaardigheid van die Volk 'n gruwel in die oë van ons HERE (YHWH) die SKEPPER.

Die tweede kritiese aspek wat vernietigend sou inwerk op die nastrewing en kleding van die individuele-en volkskarakter met die KARAKTER van YHWH die SKEPPER, is die vermenging met ander volke en dus vreemde invloede van buite.

7. Afgesonderdheid van die volk en nederigheid oor die hele karakterspektrum binne die Volkshuis was dus noodsaaklik. Die Heilige ooreenkomste(Verbonde) tussen YHWH (ons HERE)die SKEPPER en SY Volk was so intens dat die Volk nie net hul SKEPPER as VADER aangeroop het nie maar dat die Verbonde en die nakoming daarvan ook deur die SKEPPER beskou was as 'n huweliksband, met die SKEPPER as MAN en die volk as die vrou. (Nêrens anders in SY hele skepping het die SKEPPER so 'n verhouding geskep nie.)

8. Sodoende sou die hele volk ten midde van geskape karakter diversiteit met die beeldnis van die KARAKTER van die SKEPPER oordek word. Hierdie besondere uitverkorenheid is egter deur die volk geminag.

Deur eiesinnigheid is die volk verdeel en deur egbreuk, wat gevolg het op verbode vermenging met ander volke, is die ou volk vernietig en in alle windstreke heen verstrooi om die afgode van ander volke te gaan dien soos wat hul begeer het.

Maar gedurende die herhaalde waarskuwings, deur die Boodskappers van YHWH(ons HERE), wat aan die volk die risiko van vernietiging voorgehou het, is daar ook klem gelê op die ontbreekbare getrouheid van hul SKEPPER. Daar was die vooruitskouing gegee dat die SKEPPER SY Verbonde sal onthou tot na die verstrooiing en 'n MAN sal stuur wat as NUWE VERBOND 'n klein persentasie van die verstrooides se nageslag sal versamel om weer die vervalle Hut van Dawid te kom herstel.

Hierdie klein getal uitverkorenes van YHWH(ons HERE) sal fisies daaraan herken word dat hul ingebind sal word in die Nuwe Verbond en hierdie MAN sal volg as die beloofde MESSIAS, as KONING, as die SEUN van YHWH.

9. Hierdie MAN se geboorte en SY lewenstog het ten volle gesinkroniseer met die menigde vooruitskouings wat van die vroegste tye af deur die Boodsquappers van YHWH aan die ou Volk gebring was en as sodanig opgeteken is en bewaar is vir die toekomstige geslagte. Dis ook daarom dat 'n deel van die stam van Juda , waaruit Hy volgens die profete gebore sou word, fisies na Judea vanuit die Babilon wegvoering teruggekeer het en behoue gebly het.

Die ware Judeërs wat hul geskiedenis en die profesieë geken het sou HOM kon herken as die beloofde MESSIAS asook die MAN van die Nuwe Verbond. Dus onbetwisbaar ge-identifiseer as die beloofde Dawid wat weer die aardse Hut sou herstel asook die BEWERKER van Geregtigheid en OORWINNAAR van die oordeel van die dood sou wees. Ook sou HY die Hoë Priesterskap na die Hemelse Tabernakel van YHWH verplaas. Hy sou ook die globale hemelse heerskappy as Koning van alle aardse konings oor die ganse mensdom en die ganse skepping van YHWH implimenteer.

Dit sou egter vir weinig bestem wees om Hom te herken. Die menigtes wat deur Sy wonderwerke in vervoering was en verwag het dat Hy die Judeërs sou bevry van Romeinse oorheersing het Sy missie nie begryp nie. Hulle het nie begryp dat Hy die Geregtigheid van die uitverkorenes van regoor die wêreld moes bewerk nie en ook nie begryp dat die aardse herstel van die Hut van Dawid al 12 stamme van Israel sou moes insluit en nie net Juda en Benjamin nie.

10. Die MESSIAS het dan geleer dat die herstel van Israel geleë sal wees daarin dat net 'n uitverkore getal die Nuwe Verbond sal aanvaar om sodoende vir ewig ingesluit te word in die familie van YHWH(ons HERE).

Hiervoor sou dan nodig wees die wedergeboorte van die psige en dus 'n vernuwing van die gemoed sodat die WIL van YHWH in die hart ingegrafeer sou word en die gewete voortdurend die begeerte sal wek om die goeie, welgevallige en volmaakte WIL van YHWH(onsHERE) uit te leef.

Met die vestiging van die aardse koninkryk van die MESSIAS is die behoud van karakterdiversiteit uiters noodsaaklik vir die fisiese vooruitbestaan van die volkshuis. Hiervoor is verskillende genadegawes en karakter identiteite deur die genade van ons SKEPPER aan ons toegedeel. Die natuurlike menslike uitvloeisel van karakterdiversiteit is konflik en verdeeldheid soos wat voortdurend ervaar word in enige humanisties gerigte aardse bestel.

11. In die herstelde Hut van Dawid en die nuwe aardse Verbondskoninkryk van YHWH sal die wedergeboorte van die psige meebring dat die gawes van die begenadigdes van die volk gesinkroniseer word tot een doelmatige funksionele eenheid wat vergelyk kan word met die baie lede van een liggaam wat nie almal dieselfde werking het nie maar gesamentlik die funksie van die liggaam vervul waar almal interafhanklik van mekaar is.

Wanneer die volksordening dan volgens hierdie model geskied en die volkshuis saamgestel is uit boustene wat waardig geag word, sal so 'n volkshuishouding die refleksie wees van die liggaam van CHRISTUS ons MESSIAS en sal so 'n volkshuis waarlik SY lof voor die wêreld verkondig.

Die elemente wat in so 'n volksordening te midde van geskape karakterdiversiteit gesinkroniseer beleef sal word is soos volg:

- 1 Geen leuentaal sal gebesig word nie
- 2 Geen skynheiligheid(geveinsdheid) sal voorkom nie
- 3 Broederlike hartlikheid sal teenoor mekaar openbaar word
- 4 Die een sal die ander voorgaan in eerbetoning
- 5 Daar sal ywer in die dagtaak wees en om YHWH te dien
- 6 YHWH (ons HERE) sal met 'n vurige gees gedien word
- 7 Die volk sal haar verbly in die geloof en hoop op YHWH (ons HERE) en volhard in gebed
- 8 Volksgenote sal geduldig wees selfs in verdrukking
- 9 Daar sal omgesien word na die behoeftes van die behoeftiges
- 10 Gasvryheid sal 'n kenmerk wees van die volk
- 11 Volksgenote sal mekaar seën en nie vervloek nie
- 12 Volksgenote sal meëgevoel teenoor mekaar openbaar en mekaar se laste probeer ligter maak
- 13 Hul sal eensgesindheid openbaar
- 14 Nederigheid sal opmerklik wees en hoogmoed en eiewysheid sal skaars wees nie
- 15 Kwaad sal nie vir kwaad vergeld word nie maar die goeie sal vir alle mense nagestreef word
- 16 Volksgenote sal in vrede met mekaar leef

Die MESSIAS het hierdie 16 elemente saamgevat as die Gawes van die liefde wat met die wedergeboorte die uitverkorenes deelagtig sal word en wat die uitstaande kenmerke sal wees van die gesinslede van YHWH (ons HERE) en waardeur die herstelde volk SY lof sal verkondig.

Deur die liefde dus word die essensiële diversiteit van natuurlike gawes en karaktereenskappe wat nodig is om die volkshuishouding doelmatig te laat funksioneer, gesinkroniseer tot een onverdeelbare volksgemeente waarin die KONING SY woning maak.

Dit is so 'n Volkshuis wat ons Vaders by Bloedrivier begeer het en wat hul belof het om met die hulp van YHWH (ons HERE) te stig, waar dit Hom mag behaag.